Verslag oor gebruik van Noord-Kaap Diatomiet
J.T. van Eeden Boerdery

Goeie dag. Ek boer saam met my vader op Klipfontein naby Bitterfontein, omtrent 40 km van die see aan die Weskus en 400 km noord van Kaapstad.

Ons boer met Dorperskaap, saai koring, gars en hawer. Ook met wild; Elande, Gemsbokke, Koedoes en Springbokke.

Ons het 'n koringmeul op die plaas en prosseseer die ORGANIESE koring na meel en semels. Die opberging van die koring veroorsaak 'n groot kalander plaag. Ons poeier die koring met Diatomiet. Ons sproei ook die poeier tussen die sakke en is tevrede met die resultate.

’n Tyd gelede is een van die Eland koeie beseer en ons sukkel toe om die kalfie te vang. Teen die tyd dat ons hom gevang het, was hy oortrek met luise en bosluise. Ons het hom dadelik met diatomiet gepoeier. 'n Week later het ons hom inspekteer. Die luise was weg, en die groot blou bosluise was opgedroog soos rosyntjies. Ons doen nog proewe met al die ander sektore van die boerdery, soos om ons saadkoring te poeier voordat ons dit plant ens.

J.T. van Eeden Boerdery
Namakwaland
Theunis van Eeden
Plaas Klipfontein
Posbus 148
Bitterfontein
8200
Telefoon: 0276325057, 0731482891
rockfountain@trusc.co.za